

24 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 135:1-14 (NAV)
Fokusgedeelte: Psalm 135:1, 2, 21

Loof God!

Psalm 135 is 'n loflied. Sowel die inleiding as die slot is oproepe om God te loof. Die middelste deel gee redes waarom Hy geprys moet word. Hier fokus verskeie Skrifgedeeltes soos sonstrale deur 'n brandglas. Die hele Skrif gee soveel redes om Hom te loof en prys. Die lofoproep *Prys die Here* omarm Wie God is en wat Hy doen.

'n Predikant is op 'n vroeë oggendwandeling aangegryp deur 'n gesin se lofsang tydens huisgodsdienste. Hy het besef: só het die verbondsvolk hulle altyd daarin verlustig om God se lof te besing. Hy is oorweldig deur die wete dat daar soveel rede is om Hom te loof en prys. Selfs elke asemteug is immers gelaai met sy troue liefde en versorging. Daarom, soos die blom langs sy pad, hoort elke mens met elke lewensuiting lieflike geure van dank aan God uit te adem.

Daardie lofsang in die oggend het sy gedagtes teruggevoer na hoe die ou verbondsvolk God in hulle tempelsange voortdurend geloof en prys het. En hoe daar in die Middeleeue nooit stilte in die kloosters mog wees nie. Kore het mekaar gedurig in lofprysing afgelos.

Ons lewens kan so vol wees van vra. En danksy die genade wat ons Here Jesus Christus vir ons verwerf het, mág ons ook vra ... móét ons met al ons behoeftes na ons sorgende hemelse Vader gaan.

Psalm 135 laat egter dink: Gee ons ook terug? Dank ons genoeg? Ons wat die volle verlossing van Christus ken en deur die inwerking van die Heilige Gees ervaar ... Is ons soos die blom wat nie net die dou en die sonstrale ontvang nie, maar God met lieflike geure verheerlik? Sing ons as verbondsvolk nog met ons huisgodsdienste?

Sing: Psalm 135:1, 11

Ds. CJ Nagel (Messina)